- 50      “(a) dat so 'n bepaling ten opsigte van die perseel vermeld in die kennisgewing gedoen is;”;
- (g) deur paragraaf (b) van genoemde subartikel (5) deur die volgende paragraaf te vervang:
- 55      “(b) dat die voorgeskrewe besonderhede van daardie bepaling vir 'n tydperk van 14 dae vanaf die datum van die afkondiging van die kennisgewing op die voorgeskrewe plek ter insae lê;”;
- (h) deur paragraaf (d) van genoemde subartikel (5) deur die volgende paragraaf te vervang:
- 60      “(d) dat, behoudens 'n beslissing van die betrokke Administrateur by appèl, die betrokke persoon verklaar sal word 'n reg van huurpag of, in die geval waar daardie perseel geleë is in 'n geformaliseerde dorp waarvoor 'n dorpregister geopen is, eiendomsreg ten opsigte van die betrokke perseel verleen te gewees het.”.

**Substitution of section 4 of Act 81 of 1988**

17. The following section is hereby substituted for section 4 of the Conversion of Certain Rights to Leasehold Act, 1988:

**“Granting of leasehold or ownership**

4. (1) The [secretary concerned] Director-General shall upon the expiry of the period specified for appeal under section 3(1) or, in the case of such appeal, on the confirmation, variation or substitution of the determination referred to in section 2(4), in the prescribed manner declare the person concerned to have been granted— 5

- (a) a right of leasehold in respect of the affected site concerned under section 52(1) of the principal Act, whereupon that person shall be deemed for all purposes to have been granted a right of leasehold under the said section 52(1); or 10  
(b) in the case where the affected site is situate in a formalized township for which a township register has been opened, ownership in respect of the affected site concerned. 15

(2) The provisions of section 52(4) of the principal Act shall not apply in respect of any leasehold contemplated in subsection (1) [of this section].

**Substitution of section 5 of Act 81 of 1988**

20

18. The following section is hereby substituted for section 5 of the Conversion of Certain Rights to Leasehold Act, 1988:

**“Registration of leasehold or transfer of ownership**

5. (1) Whenever [he] the Director-General has made a declaration— 25

- (a) in terms of section 4(1)(a), [the secretary] he shall lodge such declaration and every deed and other document necessary for the registration of the right of leasehold concerned with the registrar concerned, who shall—

[(a)] (i) for the purposes of registration, accept that the particulars contained in the declaration are correct; and 30

- [(b)] (ii) without the production of any [particulars or] certificate [referred to in section 53(4) or 66(1)(n)(ivA), respectively, of the principal Act] to the effect that the levies or charges in respect of the affected site concerned have been paid to the local authority, register the right of leasehold in favour of the person mentioned in the declaration; 35

- (b) in terms of section 4(1)(b), he shall lodge such declaration and a certificate of ownership, on the form prescribed for that purpose under the Deeds Registries Act, 1937 (Act No. 47 of 1937), and made out in the name of the person mentioned in the declaration, with the registrar concerned, who shall— 40

(i) notwithstanding the provisions of the said Act, register the transfer of ownership of the affected site concerned by signing the certificate of ownership; and 45

- (ii) when the transfer of ownership of that affected site has been registered—

(aa) make an entry of such transfer of ownership in the applicable registers; 50

(bb) file the declaration and signed certificate of ownership in the deeds registry in such manner as he may consider fit; and

(cc) make a copy of the signed certificate of ownership available to the Director-General for delivery to the person to whom that affected site has been transferred. 55

**Vervanging van artikel 4 van Wet 81 van 1988**

17. Artikel 4 van die Wet op die Omsetting van Sekere Regte in Huurpag, 1988, word hierby deur die volgende artikel vervang:

**“Verlening van huurpag of eiendomsreg**

- 5        4. (1) Die betrokke sekretaris Direkteur-generaal moet by verstryking van die tydperk kragtens artikel 3(1) vir appèl vermeld of, in die geval van sodanige appèl, by die bevestiging, verandering of vervanging van die bepaling in artikel 2(4) bedoel, die betrokke persoon op die voorgeskrewe wyse verklaar—  
10      (a) 'n reg van huurpag ten opsigte van die betrokke geaffekteerde perseel kragtens artikel 52(1) van die Hoofwet verleen te gewees het, waarna daardie persoon geag word vir alle doeleinades 'n reg van huurpag kragtens genoemde artikel 52(1) verleen te gewees het; of  
15      (b) in die geval waar die geaffekteerde perseel geleë is in 'n geformaliseerde dorp waarvoor 'n dorpregister geopen is, eiendomsreg ten opsigte van die betrokke geaffekteerde perseel verleen te gewees het.

(2) Die bepalings van artikel 52(4) van die Hoofwet is nie van toepassing nie ten opsigte van 'n huurpag in subartikel (1) **[van hierdie artikel]** beoog.”.

**Vervanging van artikel 5 van Wet 81 van 1988**

18. Artikel 5 van die Wet op die Omsetting van Sekere Regte in Huurpag, 1988, word hierby deur die volgende artikel vervang:

**“Registrasie van huurpag of oordrag van eiendomsreg**

- 25      5. (1) Wanneer hy die Direkteur-generaal'n verklaring—  
      (a) ingewolge artikel 4(1)(a) gedoen het, moet die sekretaris hy sodanige verklaring en elke akte en ander stuk wat nodig is vir die registrasie van die betrokke reg van huurpag by die betrokke registrateur indien, wat—  
30      [(a)] (i) vir die doeleinades van registrasie, die besonderhede in die verklaring vervat as juis aanvaar; en  
      [(b)] (ii) sonder oorlegging van besonderhede of 'n sertifikaat bedoel in onderskeidelik artikel 53(4) of 66(1)(n)(ivA) van die Hoofwet met die strekking dat die heffings of vorderings ten opsigte van die betrokke geaffekteerde perseel aan die plaaslike owerheid betaal is, die reg van huurpag ten gunste van die persoon in die verklaring vermeld, registreer;  
35      (b) ingewolge artikel 4(1)(b) gedoen het, moet hy sodanige verklaringen 'n sertifikaat van eiendomsreg, op die vorm vir dié doel kragtens die Registrasie van Aktes Wet, 1937 (Wet No. 47 van 1937), voorgeskryf en uitgemaak onder die naam van die persoon in die verklaring vermeld by die betrokke registrateur indien, wat—  
40      (i) ondanks die bepalings van genoemde Wet, die oordrag van eiendomsreg van die betrokke geaffekteerde perseel registreer deur die sertifikaat van eiendomsreg te onderteken; en  
      (ii) wanneer die oordrag van eiendomsreg van daardie geaffekteerde perseel geregistreer is—  
45      (aa) 'n aantekening van bedoelde oordrag van eiendomsreg in die toepaslike registers maak;  
      (bb) die verklaring en ondertekende sertifikaat van eiendomsreg in die registrasiekantoor op die wyse wat hy geskik ag, liasseer; en  
50      (cc) 'n afskrif van die ondertekende sertifikaat van eiendomsreg aan die Direkteur-generaal beskikbaar stel vir oorhandiging aan die persoon aan wie daardie geaffekteerde perseel oorgedra is.

(2) If the occupier of a site is not the holder of the right of leasehold or the owner in respect of it, the [secretary] Director-General shall not act in terms of subsection (1) unless he is satisfied that the amount of any *bona fide* improvements on the site that have been [affected] effected by that occupier has been assessed in the prescribed manner and paid to that occupier, or that security to the satisfaction of the [secretary] Director-General has been furnished for the payment of that amount.

(3)(a) Sections 10(1)(q) and 16A of the Deeds Registries Act, 1937 [(Act No. 47 of 1937)], shall apply in respect of the said right of leasehold as if it were a right of leasehold referred to in those sections.

(b) No provision of section 15 or 17 of the Deeds Registries Act, 1937, shall apply, and no transfer duty, stamp duty or other fees shall be payable, in respect of the said transfer of ownership.

(4) The [secretary] Director-General shall for the purposes of [the] any registration [of the right of leasehold] in terms of this section be deemed to be the duly authorized representative of the local authority concerned.”.

#### Amendment of section 6 of Act 81 of 1988

19. Section 6 of the Conversion of Certain Rights to Leasehold Act, 1988, is hereby amended— 20

(a) by the substitution for paragraph (b) of subsection (1) of the following paragraph:

“(b) of a site permit, certificate or trading site permit or of rights referred to in section 2(4)(b)[(ii)] who has not prior to a date to be determined by the Administrator concerned [with regard to the development area concerned or part thereof] in respect of a particular area (which date shall not be earlier than the date upon which the [secretary concerned] Director-General has completed the inquiry contemplated in section 2(1) to the satisfaction of the Administrator) become the holder of a right of leasehold or an owner, shall from such date; or”;

(b) by the substitution for paragraph (c) of the said subsection (1) of the following paragraph:

“(c) of a site permit, certificate or trading site permit or of rights referred to in section 2(4)(b)[(ii)] in respect of a site in an area defined in a proclamation under section 2(2) of the principal Act, shall from the commencement of this Act, or if such a proclamation is issued after the commencement of this Act, from the date of such proclamation.”; and

(c) by the substitution for the proviso to the said subsection (1) of the following proviso:

“Provided that nothing in this subsection contained shall be construed as derogating from any right that the holder of a site permit, certificate, trading site permit or rights contemplated in section 2(4)(b)[(ii)] might have acquired by virtue of the provisions of the regulations.”.

#### Amendment of section 11 of Act 81 of 1988

20. Section 11 of the Conversion of Certain Rights to Leasehold Act, 1988, is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

“(1) The holder of a site permit, certificate, trading site permit or rights contemplated in section 2(4)(b)[(ii)] shall, notwithstanding the repeal of the regulations by this Act but subject to the provisions of any other law, and until a right of leasehold or the transfer of ownership in respect of the site 55

- (2) Indien die okkupererder van 'n perseel nie die reg van huurpag of eiendomsreg ten opsigte daarvan het nie, tree die [sekretaris] Direkteur-generaal nie op ingevolge subartikel (1) nie tensy hy oortuig is dat die bedrag van enige bona fide-verbeterings op die perseel wat deur [die] daardie okkupererder aangebring is, op die voorgeskrewe wyse vasgestel is en aan daardie okkupererder betaal is, of dat sekerheid ten genoeë van die [sekretaris] Direkteur-generaal vir die betaling van daardie bedrag verstrek is.
- (3)(a) Artikel 10(1)(q) en 16A van die Registrasie van Aktes Wet, 1937 [(Wet No. 47 van 1937)], is van toepassing ten opsigte van genoemde reg van huurpag asof dit 'n reg van huurpag was wat in daardie artikels bedoel word.
- (b) Geen bepaling van artikel 15 of 17 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, is van toepassing, en geen hereregte, seëlreg of ander geld is betaalbaar, ten opsigte van genoemde oordrag nie.
- (4) Die [sekretaris] Direkteur-generaal word vir die doeleindeste van [die] 'n registrasie [van die reg van huurpag] ingevolge hierdie artikel geag die behoorlik gemagtigde verteenwoordiger van die betrokke plaaslike owerheid te wees.”.

## 20 Wysiging van artikel 6 van Wet 81 van 1988

19. Artikel 6 van die Wet op die Omsetting van Sekere Regte in Huurpag, 1988, word hierby gewysig—
- (a) deur paragraaf (b) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:
- “(b) van 'n perseelpermit, sertifikaat of handelsperseelpermit of van regte bedoel in artikel 2(4)(b)[(ii)] wat nie voor 'n datum wat deur die betrokke Administrateur ten opsigte van 'n besondere gebied bepaal moet word [met betrekking tot die betrokke ontwikkelingsgebied of 'n gedeelte daarvan] (welke datum nie vroeér mag wees nie as die datum waarop die [betrokken sekretaris] Direkteur-generaal die ondersoek bedoel in artikel 2(1) ten genoeë van die Administrateur voltooi het) die houer van 'n reg van huurpag of 'n eienaar word nie, is vanaf sodanige datum; of”;
- (b) deur paragraaf (c) van genoemde subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:
- “(c) van 'n perseelpermit, sertifikaat, handelsperseelpermit of van regte bedoel in artikel 2(4)(b)[(ii)] ten opsigte van 'n perseel in 'n gebied omskryf in 'n proklamasie kragtens artikel 2(2) van die Hoofwet, is vanaf die inwerkingtreding van hierdie Wet, of indien so 'n proklamasie na die inwerkingtreding van hierdie Wet uitgereik word, vanaf die datum van sodanige proklamasie,”; en
- (c) deur die voorbehoudbepaling by genoemde subartikel (1) deur die volgende voorbehoudbepaling te vervang:
- “Met dien verstande dat niks in hierdie subartikel vervat, uitgelê word asof dit afbreuk doen aan 'n reg wat die houer van 'n perseelpermit, sertifikaat, handelsperseelpermit of regte beoog in artikel 2(4)(b)[(ii)] mag verkry het uit hoofde van die bepaling van die regulasies.”.

## Wysiging van artikel 11 van Wet 81 van 1988

20. Artikel 11 van die Wet op die Omsetting van Sekere Regte in Huurpag, 1988, word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:
- “(1) Die houer van 'n perseelpermit, sertifikaat, handelsperseelpermit of regte beoog in artikel 2(4)(b)[(ii)] moet, ondanks die herroeping van die regulasies by hierdie Wet maar behoudens die bepaling van die een of die ander wet, en totdat 'n reg van huurpag of die oordrag van eiendomsreg ten

concerned has been registered or until he has become a lessee under section 6(1)(c), as the case may be, have the same rights that he would have had in respect of that site in terms of the regulations as if they were not repealed by this Act.”.

**Insertion of section 12A in Act 81 of 1988**

5

21. The following section is hereby inserted after section 12 of the Conversion of Certain Rights to Leasehold Act, 1988:

**“Duration of Act**

**12A. This Act shall cease to have effect on a date fixed by the State President by proclamation in the Gazette.”.**

10

**Substitution of long title of Act 81 of 1988**

22. The following long title is hereby substituted for the long title of the Conversion of Certain Rights to Leasehold Act, 1988:

**“ACT**

To provide for the conversion of certain [occupational rights in development areas to] rights of occupation into leasehold or ownership and for matters connected therewith.”.

15

**Substitution of word “secretary” in Act 81 of 1988**

23. The Conversion of Certain Rights to Leasehold Act, 1988, is hereby amended by the substitution for the word “secretary”, wherever it appears, of the word “Director-General”. 20

**Substitution of section 13 of Act 81 of 1988**

24. The following section is hereby substituted for section 13 of the Conversion of Certain Rights to Leasehold Act, 1988:

**“Short title and commencement**

25

13. This Act shall be called the Conversion of Certain Rights [to] into Leasehold or Ownership Act, 1988, and shall come into operation on a date fixed by the State President by proclamation in the Gazette.”.

**Amendment of section 4 of Act 76 of 1989, as amended by section 10 of Act 110 of 1990** 30

25. Section 4 of the Police Third Amendment Act, 1989, is hereby amended—

(a) by the deletion of subsection (2);

(b) by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

“(3) A reference in any law to a person appointed under section 34 of the Black Local Authorities Act, 1982 (Act No. 102 of 1982), shall, in respect of the area of a local authority as defined in section 1(1) of the said Act, be construed as a reference to a member of a municipal police unit established by section 17C(1)(a) of the principal Act in respect of such area.”; and

35

(c) by the deletion of subsection (11).

40

**Substitution of long title of Act 76 of 1989**

26. The following long title is hereby substituted for the long title of the Police Third Amendment Act, 1989:

opsigte van die betrokke perseel geregistreer is of totdat hy 'n huurder kragtens artikel 6(1)(c) geword het, na gelang van die geval, dieselfde regte hê as wat hy sou gehad het ten opsigte van daardie perseel ingevolge die regulasies asof die regulasies nie by hierdie Wet herroep is nie.”.

### 5 Invoeging van artikel 12A in Wet 81 van 1988

21. Die volgende artikel word hierby na artikel 12 van die Wet op die Omsetting van Sekere Regte in Huurpag, 1988, ingevoeg:

#### “Duur van Wet

10 12A. Hierdie Wet hou op 'n datum deur die Staatspresident by proklamasie in die Staatskoerant bepaal op om van krag te wees.”.

### Vervanging van lang titel van Wet 81 van 1988

22. Die lang titel van die Wet op die Omsetting van Sekere Regte in Huurpag, 1988, word hierby deur die volgende lang titel vervang:

#### “WET

15 Om voorsiening te maak vir die [omsetting] omskepping van sekere okkupasieregte [in ontwikkelingsgebiede in] tot huurpag of eiendomsreg en vir aangeleenthede wat daar mee in verband staan.”.

### Vervanging van woord “sekretaris” in Wet 81 van 1988

23. Die Wet op die Omsetting van Sekere Regte in Huurpag, 1988, word hierby gewysig deur die woord “sekretaris”, oral waar dit voorkom, deur die woord “Direkteur-generaal” te vervang.

### Vervanging van artikel 13 van Wet 81 van 1988

24. Artikel 13 van die Wet op die Omsetting van Sekere Regte in Huurpag, 1988, word hierby deur die volgende artikel vervang:

25 “Kort titel en inwerkingtreding

13. Hierdie Wet heet die Wet op die [Omsetting] Omskepping van Sekere Regte [in] tot Huurpag of Eiendomsreg, 1988, en tree in werking op 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die Staatskoerant bepaal.”.

30 Wysiging van artikel 4 van Wet 76 van 1989, soos gewysig deur artikel 10 van Wet 110 van 1990

25. Artikel 4 van die Derde Polisiewysigingswet, 1989, word hierby gewysig—

(a) deur subartikel (2) te skrap;

(b) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

35 “(3) 'n Verwysing in die een of ander wet na 'n persoon wat kragtens artikel 34 van die Wet op Swart Plaaslike Owerhede, 1982 (Wet No. 102 van 1982), aangestel is, word, ten opsigte van die gebied van 'n plaaslike owerheid soos in artikel 1(1) van genoemde Wet omskryf, uitgelê as 'n verwysing na 'n lid van 'n munisipale polisie-eenheid wat by artikel 17C(1)(a) van die Hoof-wet ten opsigte van so 'n gebied ingestel is.”; en

(c) deur subartikel (11) te skrap.

### Vervanging van lang titel van Wet 76 van 1989

45 26. Die lang titel van die Derde Polisiewysigingswet, 1989, word hierby deur die volgende lang titel vervang:

“ACT

To amend the Police Act, 1958, in order to provide for the establishment of municipal police units in the areas of Black local authorities and in certain [development] other areas; for the appointment of members of those units, and the powers and duties of such members; for the transfer of certain persons in the employment of the said local authorities [and of certain persons serving in the said development areas] to municipal police units; and for the transfer to the State of certain movable and immovable property used by the said local authorities [or in the said development areas] in connection with municipal police functions; and to provide for incidental matters.”.

5

10

**Amendment of section 12 of Act 108 of 1991**

27. (1) Section 12 of the Abolition of Racially Based Land Measures Act, 1991, is hereby amended—

(a) by the substitution for paragraph (a) of subsection (2) of the following paragraph: 15

“(a) transfer any asset (including land) or right acquired and any liability or obligation incurred by the Trust to [any person, State department or institution established by or under a law] an Administrator, a Minister or the State, including the government of a self-governing territory, and [that person, State department or institution] the Administrator, Minister or State shall, after such transfer, be deemed to have acquired the asset or right or to have incurred the liability or obligation;”; and 20

(b) by the deletion of paragraph (b) of the said subsection (2).

(2) Subsection (1) shall be deemed to have come into operation on 1 April 1992. 25

**Substitution of section 83 of Act 108 of 1991**

28. The following section is hereby substituted for section 83 of the Abolition of Racially Based Land Measures Act, 1991: 30

**“Functions of Committee**

**83. (1) The Committee—**

(a) may of its own accord, or shall at the request of the Minister of Justice, investigate and consider any matter relating to the exercise of any power conferred upon the State President by this Act;

(b) may make recommendations to the State President in connection with any such matter;

(c) may, with the approval of the said Minister, establish one or more sub-committees to inquire into, and to report to the Committee in regard to, any matter falling within the scope of the Committee’s functions.

(2) A sub-committee established under subsection (1)(c) shall consist of such number of—

(a) members of the Committee;

(b) members of the Committee and persons who are not such members; or

(c) such persons,

as the Committee may determine, and the Committee may at any time dissolve or reconstitute such sub-committee.”.

35

40

45

50

**Amendment of section 87 of Act 108 of 1991**

29. (1) Section 87 of the Abolition of Racially Based Land Measures Act, 1991, is hereby amended—

“WET

5 Tot wysiging van die Polisiewet, 1958, ten einde voorsiening te maak vir die instelling van munisipale polisie-eenhede in die gebiede van Swart plaaslike owerhede en in sekere [ontwikkelingsgebiede] ander gebiede; vir die aanstelling van lede van daardie eenhede, en die bevoegdhede en pligte van sodanige lede; vir die oorplasing van sekere persone in diens van bedoelde plaaslike owerhede [en van sekere persone wat in bedoelde ontwikkelingsgebiede diens doen] na munisipale polisie-eenhede; en vir die oordrag aan die Staat van sekere roerende en onroerende goed wat in verband met munisipale polisiewerksaamhede deur bedoelde plaaslike owerhede [of in bedoelde ontwikkelingsgebiede] gebruik word; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.”.

10 15 **Wysiging van artikel 12 van Wet 108 van 1991**

20 27. (1) Artikel 12 van die Wet op die Afskaffing van Rasgebaseerde Grondreëlings, 1991, word hierby gewysig—

25 (a) deur paragraaf (a) van subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

30 “(a) 'n bate (met inbegrip van grond) of reg verkry en 'n las of verpligting aangegaan deur die Trust, oordra aan [enige persoon, Staatsdepartement of instelling by of kragtens 'n wet ingestel] 'n Administrateur, 'n Minister of die Staat, met inbegrip van die regering van 'n selfregerende gebied, en [daardie persoon, Staatsdepartement of instelling] die Administrateur, Minister of Staat word na [die] so 'n oordrag geag die bate of reg te verkry het of die las of verpligting aan te gegaan het'; en

(b) deur paragraaf (b) van genoemde subartikel (2) te skrap.

35 (2) Subartikel (1) word geag op 1 April 1992 in werking te getree het.

**Vervanging van artikel 83 van Wet 108 van 1991**

40 28. Artikel 83 van die Wet op die Afskaffing van Rasgebaseerde Grondreëlings, 1991, word hierby deur die volgende artikel vervang:

“Werksaamhede van Komitee

45 35 **83. (1) Die Komitee**

(a) kan uit eie beweging, of moet op versoek van die Minister van Justisie, 'n aangeleentheid met betrekking tot die uitvoering van 'n bevoegdheid wat by hierdie Wet aan die Staatspresident verleen word, ondersoek en oorweeg;

50 40 (b) kan aanbevelings aan die Staatspresident in verband met so 'n aangeleentheid doen;

(c) kan, met die goedkeuring van genoemde Minister, een of meer subkomitees instel om ondersoek in te stel na, en aan die Komitee verslag te doen met betrekking tot, 'n aangeleentheid wat binne die bestek van die Komitee se werksaamhede val.

(2) 'n Subkomitee kragtens subartikel (1)(c) ingestel, bestaan uit die getal—

(a) lede van die Komitee;

(b) lede van die Komitee en persone wat nie sodanige lede is nie; of

(c) sodanige persone,

wat die Komitee bepaal, en die Komitee kan te eniger tyd bedoelde subkomitee ontbind of hersaamstel.”.

**Wysiging van artikel 87 van Wet 108 van 1991**

55 29. (1) Artikel 87 van die Wet op die Afskaffing van Rasgebaseerde Grondreëlings, 1991, word hierby gewysig—

- (a) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:
- “(1) The State President may [to the extent that appears to him to be necessary or expedient to provide for]—
- (a) by proclamation in the *Gazette* make enactments with a view to the readjustment of matters in a non-racial manner [by proclamation in the *Gazette*]; and
- (b) provide in any such enactment for—
- [(a)] (i) [repeal, amend, supplement or with or without adjustments substitute any regulation, proclamation, rule or by-law] the repeal, amendment or supplement of any proclamation, regulation, by-law or rule referred to in section 5(2), 8(2), 11(2), 32(2) or 72(2) of this Act, or the substitution, either with or without adjustments, of any such proclamation, regulation, by-law or rule;
- [(b)] (ii) [amend] the amendment or supplement of any law which contains any provision that has been repealed by this Act or in which appears a reference or an implied reference to any law or any provision that has been repealed by this Act or to any area that has been defined, determined or established by or under any such repealed law or provision, or the repeal of any such law;
- [(c)] (iii) [amend] the amendment or supplement of any other law, or the repeal of any such other law, so as to give effect to any repeal, amendment, supplement or substitution contemplated in [paragraph (a) or (b)] subparagraph (i) or (ii); or
- [(d)] (iv) [amend] the amendment of the Rural Areas Act (House of Representatives), 1987 (Act No. 9 of 1987), or [a] any regulation made thereunder, or the repeal of the said Act or any such regulation.”;
- (b) by the substitution for paragraph (a) of subsection (2) of the following paragraph:
- “(a) any amendment [or], supplement or repeal contemplated in [paragraph (b) of] subsection (1)(b)(ii) may be effected irrespective of whether the repeal of the law or provision referred to in that [paragraph] subsection has commenced or not; and”;
- (c) by the substitution for paragraph (b) of the said subsection (2) of the following paragraph:
- “(b) any amendment or supplement of any law referred to in [paragraph (b) or (c) of] subsection (1) (b)(ii) or (iii) may, subject to [the] such qualifications [which] as the State President may think fit, provide for the extension or restriction of the application of any such law or any provision thereof.”.
- (2) Subsection (1) shall be deemed to have come into operation on 1 April 1992.

#### Amendment of section 1 of Act 112 of 1991

30. Section 1 of the Upgrading of Land Tenure Rights Act, 1991, is hereby 50 amended—

- (a) by the substitution in subsection (1) for the definition of “Administrator” of the following definition:
- “ ‘Administrator’ means the administrator of a province acting in consultation with the other members of the executive committee of that province;”; and
- (b) by the substitution in the said subsection (1) for the definition of “Minister” of the following definition:
- “ ‘Minister’ means the Minister of [Public Works] Regional and Land Affairs;”.

60

- (a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:
- “(1) Die Staatspresident kan [in die mate wat hy nodig ag of raadsaam ag om voorsiening te maak vir]—
- (a) by proklamasie in die *Staatskoerant* maatreëls uitvaardig met die oog op die herreëling van aangeleenthede op 'n nie-rassige wyse [by proklamasie in die *Staatskoerant*]; en
- (b) in so 'n maatreël voorsiening maak vir—
- [(a)](i) [‘n regulasie, proklamasie, reël of verordening] die herroeping, wysiging of aanvulling van 'n proklamasie, regulasie, verordening of reël waarna in artikel 5(2), 8(2), 11(2), 32(2) of 72(2) van hierdie Wet verwys word [herroep, wysig, aanvul of met of sonder aanpassings vervang], of die vervanging, hetsy, met of sonder aanpassings, van so 'n proklamasie, regulasie, verordening of reël;
- [(b)](ii) die wysiging of aanvulling van 'n wet wat 'n bepaling bevat wat deur hierdie Wet herroep is of waarin 'n verwysing of 'n geïmpliseerde verwysing voorkom na 'n wet of 'n bepaling wat deur hierdie Wet herroep is of na 'n gebied wat by of kragtens so 'n herroep wet of bepaling omskryf, bepaal of ingestel was [wysig of aanvul], of die herroeping van so 'n wet;
- [(c)](iii) die wysiging of aanvulling van 'n ander wet [wysig of aanvul], of die herroeping van so 'n ander wet, ten einde [effektiel] gevolg te gee aan 'n herroeping, wysiging, aanvulling of vervanging [beoog in paragraaf (a) of (b)] in subparagraaf (i) of (ii) beoog; of
- [(d)](iv) die wysiging van die Wet op Landelike Gebiede (Raad van Verteenwoordigers), 1987 (Wet No. 9 van 1987), of 'n regulasie daarkragtens uitgevaardig [wysig], of die herroeping van genoemde Wet of so 'n regulasie.”;
- (b) deur paragraaf (a) van subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:
- (a) kan 'n wysiging [of], aanvulling of herroeping beoog in [paragraaf (b) van] subartikel (1)(b)(ii) [aangebring] teweeggebring word ongeag of die herroeping van die wet of bepaling waarna in daardie [paragraaf] subartikel verwys word, in werking is of nie; en”; en
- (c) deur paragraaf (b) van genoemde subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:
- (b) kan 'n wysiging of aanvulling van 'n wet waarna in [paragraaf (b) of (c) van] subartikel (1)(b)(ii) of (iii) verwys word ook, behoudens die kwalifikasies wat die Staatspresident goedvind, voorsiening maak vir die uitbreiding of inperking van die toepassing van so 'n wet of 'n bepaling daarvan.”.
- (2) Subartikel (1) word geag op 1 April 1992 in werking te getree het.

#### Wysiging van artikel 1 van Wet 112 van 1991

- 50 30. Artikel 1 van die Wet op die Opgradering van Grondbesitregte, 1991, word hierby gewysig—
- (a) deur in subartikel (1) die omskrywing van “Administrateur” deur die volgende omskrywing te vervang:
- “‘Administrateur’ die administrateur van 'n provinsie handelende in oorleg met die ander lede van die uitvoerende komitee van daardie provinsie;”; en
- (b) deur in genoemde subartikel (1) die omskrywing van “Minister” deur die volgende omskrywing te vervang:
- “‘Minister’ die Minister van [Openbare Werke] Streek- en Grondsake;”.

**Amendment of section 15 of Act 112 of 1991**

**31.** Section 15 of the Upgrading of Land Tenure Rights Act, 1991, is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

“(1) The **[Minister]** **Administrator** may by notice in the *Official Gazette* declare a township specified in the notice to be a formalized township for the purposes of Chapter 1.”. 5

**Insertion of Chapter 2A and sections 18A, 18B, 18C, 18D, 18E, 18F, 18G, 18H and 18I in Act 112 of 1991.**

**32.** The following chapter is hereby inserted after section 18 of the Upgrading of Land Tenure Rights Act, 1991: 10

**“CHAPTER 2A**

**RURAL SETTLEMENTS**

**Declaration of areas to be rural settlements**

**18A.** (1) Notwithstanding anything to the contrary in this Act contained but subject to the provisions of subsection (2), the Administrator may by notice in the *Official Gazette* declare any area specified in the notice to be a rural settlement. 15

(2) The Administrator shall not declare any such area to be a rural settlement unless—

(a) a diagram and general plan in respect of that area have been approved under the applicable provision of any law; 20

(b) a land tenure right mentioned in Schedule 2 has been granted in respect of any piece of land in that area; and

(c) if that area is situate on tribal land, the tribe in question has requested the Administrator by means of a tribal resolution to take steps to declare that area to be a rural settlement with a view to converting the land tenure rights granted to individuals in respect of pieces of land in that area into ownership. 25

(3) The laws relating to the subdivision of land, the establishment of townships and town planning shall not apply in respect of any area referred to in subsection (1). 30

(4) The Administrator may at any time amend or withdraw a notice referred to in subsection (1) by like notice in the *Official Gazette*: Provided that any such amendment or withdrawal shall not derogate from the validity of anything done in terms of this Chapter, or from any right, privilege, obligation or liability acquired, accrued or incurred in terms of or by virtue of this Chapter. 35

**Assistance by Administrator in respect of certain areas**

**18B.** (1) Subject to the provisions of subsection (2) and the availability of moneys and personnel, the Administrator shall in respect of an area in which land tenure rights mentioned in Schedule 2 were granted in respect of pieces of land, take with the co-operation of the community residing in such area such steps as may be necessary to declare the area to be a rural settlement. 40

(2) Subsection (1) shall not apply in respect of any area situate on tribal land unless the tribe in question has requested the Administrator by means of a tribal resolution to take steps to declare that area to be a rural settlement with a view to converting the land tenure rights granted to individuals in respect of pieces of land in that area into ownership. 45

50

### Wysiging van artikel 15 van Wet 112 van 1991

31. Artikel 15 van die Wet op die Opgradering van Grondbesitregte, 1991, word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

5 "1) Die Minister Administrateur kan by kennisgewing in die Staatskoerant Offisiële Koerant 'n dorp in die kennisgewing vermeld tot 'n geformaliseerde dorp vir die doeleindes van Hoofstuk 1 verklaar."

### Invoeging van Hoofstuk 2A en artikels 18A, 18B, 18C, 18D, 18E, 18F, 18G, 18H en 18I in Wet 112 van 1991

32. Die volgende hoofstuk word hierby na artikel 18 van die Wet op die 10 Opgradering van Grondbesitregte, 1991, ingevoeg:

## "HOOFSTUK 2A

### LANDELIKE NEDERSETTINGS

#### Verklaring van gebiede tot landelike nedersettings

15 **18A.** (1) Ondanks andersluidende bepalings van hierdie Wet maar behoudens die bepalings van subartikel (2), kan die Administrateur by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* enige gebied in die kennisgewing vermeld tot 'n landelike nedersetting verklaar.

20 (2) Die Administrateur verklaar nie so 'n gebied tot 'n landelike nedersetting nie tensy—

(a) 'n kaart en algemene plan ten opsigte van daardie gebied kragtens 'n toepaslike wetsbepaling goedgekeur is;

(b) 'n grondbesitreg in Bylae 2 vermeld ten opsigte van 'n stuk grond in daardie gebied toegeken is; en

25 (c) indien daardie gebied op stamgrond geleë is, die betrokke stam die Administrateur by wyse van 'n stambesluit versoek het om stappe te doen vir die verklaring van daardie gebied tot 'n landelike nedersetting met die oog daarop om die grondbesitregte wat ten opsigte van stukke grond in daardie gebied aan individue toegeken is tot eiendomsreg te omskep.

30 (3) Die wette met betrekking tot die onderverdeling van grond, die stigting van dorpe en dorpsbeplanning is nie ten opsigte van 'n gebied bedoel in subartikel (1) van toepassing nie.

35 (4) Die Administrateur kan te eniger tyd 'n kennisgewing in subartikel (1) bedoel by dergelike kennisgewing in die *Offisiële Koerant* wysig of intrek: Met dien verstande dat so 'n wysiging of intrekking nie afbreuk doen aan die geldigheid van enigiets wat ingevolge hierdie Hoofstuk gedoen is, of aan 'n reg, voorreg, verpligting of aanspreeklikheid wat ingevolge of uit hoofde van hierdie Hoofstuk verkry is of ontstaan of opgeeloop het nie.

#### 40 Bystand deur Administrateur ten opsigte van sekere gebiede

45 **18B.** (1) Behoudens die bepalings van subartikel (2) en die beskikbaarheid van geld en personeel, moet die Administrateur ten opsigte van 'n gebied waarin grondbesitregte in Bylae 2 vermeld ten opsigte van stukke grond toegeken is, met medewerking van die gemeenskap wat in so 'n gebied woon, die stappe doen wat nodig is om die gebied tot 'n landelike nedersetting te verklaar.

50 (2) Subartikel (1) is nie van toepassing nie ten opsigte van 'n gebied wat op stamgrond geleë is tensy die betrokke stam die Administrateur by wyse van 'n stambesluit versoek het om stappe te doen vir die verklaring van daardie gebied tot 'n landelike nedersetting met die oog daarop om die grondbesitregte wat ten opsigte van stukke grond in daardie gebied aan individue toegeken is tot eiendomsreg te omskep.

### Surveying

**18C. If an area in which land tenure rights mentioned in Schedule 2 were granted in respect of pieces of land has not been surveyed, the Administrator may from moneys appropriated by Parliament for that purpose—**

- (a) with the co-operation of the community residing in such area, cause the layout of that area to be replanned and cause such adjustments to be effected to the layout thereof as he may consider necessary;
- (b) cause such area, including any pieces of land, to be surveyed and cause a diagram and general plan to be prepared; and
- (c) cause the said diagram and general plan to be submitted to the surveyor-general for his approval.

### Compilation and updating of registers of land rights

**18D. (1) If the Administrator is of the opinion that the register of land rights of an area in which land tenure rights mentioned in Schedule 2 were granted in respect of pieces of land has not been written up or properly written up, he may designate any person to compile a register of land rights for such area or to update the existing register, and to rectify or supplement errors and omissions, as the case may be.**

(2) If the Administrator receives a request from a tribe in terms of section 18B(2) in respect of any area on tribal land in which the individual pieces of land are occupied or utilized by individuals and their families under the indigenous law or customs of that tribe, he may designate any person to compile a register of land rights for such area.

(3) If any area referred to in subsection (1) or (2) has not been surveyed, the functions mentioned in that subsection shall not be performed before the survey of such area has commenced.

(4) Any register of land rights compiled or updated in terms of this section shall, as to its format, form and contents, be compiled or updated in accordance with the legal and administrative requirements applicable to the registers used in a deeds registry in connection with the registration of farms or other pieces of land.

(5) Any person designated under subsection (1) or (2) shall, in the compilation or updating of a register of land rights—

- (a) satisfy himself that the property descriptions in the register or which he makes in the register correspond with those descriptions on the general plan of the area in question prepared in terms of section 18C(b);
- (b) ascertain the identity of the person who at the relevant time is physically and beneficially the holder of the land tenure right in respect of each piece of land in such area;
- (c) consider any representations made to him, either orally or in writing, by any person who lays claim to be registered in the register as the holder of a land tenure right.

(6) In order to gather information which is necessary or expedient to compile or update a register of land rights for the area in question, the designated person may—

- (a) question any person who in his opinion may have relevant information available;
- (b) require any person to deliver to him forthwith, or to submit to him at such time and place as may be determined by him, any register, permit, certificate or other document in the possession or under the control of any such person and which in his opinion contains relevant information;
- (c) examine any such register, permit, certificate or document or make an extract therefrom or a copy thereof;
- (d) for the purposes of paragraph (a), (b) or (c), at any reasonable time enter upon any land in such area.

(7) Whenever the designated person performs his functions under

5

10

15

20

25

30

35

40

45

50

55

60

### Opmeting

**18C. Indien 'n gebied waarin grondbesitregte in Bylae 2 vermeld ten opsigte van stukke grond toegeken is, nie opgemeet is nie, kan die Administrateur uit geld wat die Parlement vir dié doel bewillig—**

(a) met medewerking van die gemeenskap wat in so 'n gebied woon, die uitleg van daardie gebied laat herbeplan en die aanpassings in die uitleg daarvan laat doen wat hy nodig ag;

(b) so 'n gebied, met inbegrip van enige stukke grond, laat opmeet en 'n kaart en algemene plan laat opstel; en

(c) bedoelde kaart en algemene plan aan die landmeter-generaal vir sy goedkeuring laat voorlê.

### Opstel en bywerking van grondregteregisters

**18D. (1) Indien die Administrateur van oordeel is dat die grondregteregister van 'n gebied waarin grondbesitregte in Bylae 2 vermeld ten opsigte van stukke grond toegeken is, nie bygehou is nie of nie na behore bygehou is nie, kan hy 'n persoon aanwys om 'n grondregteregister vir so 'n gebied op te stel of die bestaande register by te werk, en foute en weglatings te verbeter of aan te vul, na gelang van die geval.**

(2) Indien die Administrateur 'n versoek ingevolge artikel 18B(2) van 'n stam ontvang ten opsigte van 'n gebied op stamgrond waarin die individuele stukke grond deur individue en hul families volgens die inheemse reg of gebruikte van daardie stam bewoon of benut word, kan hy 'n persoon aanwys om 'n grondregteregister vir so 'n gebied op te stel.

(3) Indien 'n gebied bedoel in subartikel (1) of (2) nie opgemeet is nie, word die werksaamhede in daardie subartikel genoem, nie verrig alvorens die opmeting van so 'n gebied 'n aanvang neem nie.

(4) 'n Grondregteregister wat ingevolge hierdie artikel opgestel of bygewerk word, moet, wat sy formaat, vorm en inhoud betref, opgestel of bygewerk word ooreenkomsdig dieregs- en administratiewe vereistes van toepassing op die registers wat in 'n registrasiekantoor in verband met die registrasie van plase of ander stukke grond gebruik word.

(5) 'n Persoon kragtens subartikel (1) of (2) aangewys, moet by die opstel of bywerking van 'n grondregteregister—

- (a) hom daarvan vergewis dat die eiendomsbeskrywings in die register of wat hy in die register aanbring, ooreenstem met dié op die algemene plan van die betrokke gebied wat ingevolge artikel 18C(b) opgestel is;
- (b) die identiteit vasstel van die persoon wat op die betrokke tydstip fisies en voordelig die houer van die grondbesitreg ten opsigte van elke stuk grond in so 'n gebied is;
- (c) vertoë oorweeg wat, hetsy mondeling of skriftelik, aan hom gerig word deur iemand wat daarop aanspraak maak om in die register as die houer van 'n grondbesitreg geregistreer te word.

(6) Die aangewese persoon kan, ten einde inligting in te win wat nodig of dienstig is om 'n grondregteregister vir die betrokke gebied op te stel of by te werk—

- (a) iemand ondervra wat na sy oordeel oor tersaaklike inligting beskik;
- (b) van iemand vereis om 'n register, permit, sertifikaat of ander stuk in besit of onder beheer van so iemand en wat na sy oordeel tersaaklike inligting bevat, dadelik aan hom te oorhandig of op die tyd en plek wat hy bepaal aan hom voor te lê;
- (c) so 'n register, permit, sertifikaat of stuk onderzoek of 'n uittreksel daaruit of 'n afskrif daarvan maak;
- (d) vir die doeleindes van paragraaf (a), (b) of (c), te enige redelike tyd enige grond in so 'n gebied betree.

(7) Wanneer die aangewese persoon sy werksaamhede kragtens

this section, he may be accompanied by such persons as he may in the circumstances of any particular case consider necessary.

(8) The Administrator shall issue to a person designated under subsection (1) or (2) proof in writing of his designation, and such a person shall not perform any function under this section unless he is at the time of performing that function in possession of such proof, which proof shall be produced at the request of any person affected by the performance of that function.

5

#### Appeal against entries in registers of land rights

**18E. (1)** Any person aggrieved by any entry made by a person designated under subsection (1) or (2) of section 18D in a register of land rights compiled or updated in terms of that section, may within 30 days after he became aware of the entry appeal in writing against such entry to the Administrator.

(2) The Administrator may, after he has considered the grounds of the appeal and the reasons of the designated person for such entry—

- (a) either in whole or in part, allow the appeal and direct the designated person to alter such entry or to substitute for it such other entry as the designated person in the Administrator's opinion ought to have made; or
- (b) dismiss the appeal.

(3) The Administrator shall cause a person who lodged an appeal with him to be notified in writing of his decision on the appeal.

10

15

20

#### Conversion of land tenure rights

**18F. (1)** For the purposes of the conversion into ownership of land tenure rights granted in respect of pieces of land in an area which has been declared under section 18A(1) to be a rural settlement, the registrar of deeds concerned shall, upon production to him of—

- (a) the title deed of the land on which that area is situate;
- (b) a diagram and general plan in respect of that area which have been approved under the applicable provision of any law; and
- (c) a register of land rights or, if the register for that area has been compiled or updated in terms of section 18D, the register so compiled or updated,

register such diagram, general plan and register in the deeds registry in such manner as he may consider fit, and make the necessary endorsements or entries in respect of such title deed, his registers and other documents in order to give effect to the provisions of this Chapter.

(2) Any land tenure right mentioned in Schedule 2 and granted in respect of any piece of land in an area—

- (a) which has been declared under section 18A(1) to be a rural settlement; and
- (b) in respect of which the relevant title deed, diagram, general plan and register have been produced to the registrar of deeds in terms of subsection (1),

shall, upon the lodgement by the owner of such piece of land at the relevant deeds registry of a certificate of ownership, on the form prescribed for that purpose under the Deeds Act and made out in the name of the person who is the holder of the relevant land tenure right, be converted into ownership by that registrar of deeds by the registration of the piece of land in the name of the said person: Provided that the registrar of deeds shall not so register any piece of land unless a certificate of rights to minerals has been taken out for the reservation of the rights to minerals in respect of such piece of land or the land on which such area is situate, as the case may be.

25

30

35

40

45

50

55

hierdie artikel verrig, kan hy vergesel word van die persone wat hy in die omstandighede van 'n bepaalde geval nodig ag.

(8) Die Administrateur moet aan 'n persoon wat kragtens subartikel (1) of (2) aangewys is 'n skriftelike bewys van sy aanwysing uitrek, en so 'n persoon verrig nie 'n werkzaamheid kragtens hierdie artikel nie tensy hy ten tyde van die verrigting van daardie werkzaamheid in besit is van bedoelde bewys, welke bewys getoon moet word op versoek van iemand wat deur die verrigting van daardie werkzaamheid geraak word.

10 **Appèl teen inskrywings in grondregteregisters**

15 **18E. (1) Iemand wat hom veronreg voel deur 'n inskrywing wat 'n persoon aangewys kragtens subartikel (1) of (2) van artikel 18D gemaak het in 'n grondregteregister wat ingevolge daardie artikel opgestel of bygewerk is, kan binne 30 dae nadat hy van die inskrywing te wete gekom het skriftelik by die Administrateur teen so 'n inskrywing appèl aanteken.**

20 (2) Die Administrateur kan, na oorweging van die gronde van die appèl en die aangewese persoon se redes vir so 'n inskrywing—

- (a) die appèl, hetsy in die geheel of gedeeltelik, handhaaf en die aangewese persoon gelas om so 'n inskrywing te wysig of dit te vervang deur die ander inskrywing wat die aangewese persoon na die Administrateur se oordeel moes gemaak het; of  
(b) die appèl van die hand wys.

25 (3) Die Administrateur moet 'n persoon wat by hom appèl aangeteken het skriftelik van sy besluit oor die appèl laat verwittig.

**Omskepping van grondbesitregte**

30 **18F. (1) Vir die doeleindeste van die omskepping tot eiendomsreg van grondbesitregte wat toegeken is ten opsigte van stukke grond in 'n gebied wat kragtens artikel 18A(1) tot 'n landelike nedersetting verklaar is, moet die betrokke registrator van aktes, by voorlegging aan hom van—**

- (a) die titelbewys van die grond waarop daardie gebied geleë is;  
(b) 'n kaart en algemene plan ten opsigte van daardie gebied wat kragtens 'n toepaslike wetsbepaling goedgekeur is; en  
(c) 'n grondregteregister of, indien die register vir daardie gebied ingevolge artikel 18D opgestel of bygewerk is, die register wat aldus opgestel of bygewerk is,  
so 'n kaart, algemene plan en register in die registrasiekantoor registreer op die wyse wat hy geskik ag, en die nodige endossemente of aantekeninge ten opsigte van so 'n titelbewys, sy registers en ander stukke aanbring ten einde uitvoering aan die bepalings van hierdie Hoofstuk te gee.

40 (2) 'n Grondbesitreg vermeld in Bylae 2 en toegeken ten opsigte van 'n stuk grond in 'n gebied—

- (a) wat kragtens artikel 18A(1) tot 'n landelike nedersetting verklaar is; en  
(b) ten opsigte waarvan die betrokke titelbewys, kaart, algemene plan en register ingevolge subartikel (1) aan die registrator van aktes voorgelê is,

50 word, by die indiening by die betrokke registrasiekantoor deur die eienaar van so 'n stuk grond van 'n sertifikaat van eiendomsreg, op die vorm vir dié doel kragtens die Akteswet voorgeskryf en uitgemaak onder die naam van die persoon wat die houer van die betrokke grondbesitreg is, deur daardie registrator van aktes in eiendomsreg omskep deur die stuk grond op die naam van bedoelde persoon te registreer: Met dien verstande dat die registrator van aktes nie 'n stuk grond aldus registreer nie tensy 'n sertifikaat van regte op minerale uitgeneem is vir die voorbehoud van die regte op minerale ten opsigte van so 'n stuk grond of die grond waarop so 'n gebied geleë is, na gelang van die geval.

(3) As from the registration of the piece of land in the name of the said person, the ownership of the piece of land shall vest exclusively in that person.

(4) No provision of section 15 or 17 of the Deeds Act shall apply in respect of the transfer of ownership effected by such conversion.

(5) Notwithstanding the provisions of the Deeds Act, the registrar of deeds shall register the transfer of ownership of any piece of land under the circumstances referred to in subsection (2) by signing the certificate of ownership lodged at the deeds registry in terms of that subsection.

(6) When the registrar of deeds has registered the transfer of ownership of any piece of land in terms of subsection (5), he shall—

(a) make an entry of the transfer of ownership in the applicable registers;

(b) file the signed certificate of ownership in the deeds registry in such manner as he may consider fit; and

(c) make a copy of the signed certificate of ownership available to the person who has lodged it under subsection (2), for delivery to the person to whom the piece of land has been transferred.

(7) No transfer duty, stamp duty or other fees shall be payable in respect of any registration, endorsement, entry or transfer in terms of this section.

5

10

15

20

#### Title conditions, servitudes and other rights

**18G. Ownership which vests in any piece of land by virtue of a conversion in terms of section 18F shall be subject to any condition, servitude or other right registered against the title of the land on which the area in question is situate.**

25

#### Effect of Chapter

**18H. Property transactions in any area which has been declared under section 18A(1) to be a rural settlement shall—**

30

(a) in the case of the transfer of any piece of land in that area in respect of which any land tenure right mentioned in Schedule 2 has been granted, be disposed of in accordance with section 18F;

(b) in the case of any other transfer, be disposed of in accordance with the Deeds Act.

35

#### Conditions of land use

**18I. (1) If any area has been declared under section 18A(1) to be a rural settlement, the Administrator may by notice in the Official Gazette impose conditions in respect of that area for the regulation of the use of the pieces of land in the area.**

40

(2) Conditions imposed under subsection (1)—

(a) shall not be registered against the title of the land on which the area in question is situate or against the title of any other piece of land in that area;

(b) may at any time be amended or withdrawn by the Administrator by like notice.

45

(3) The Administrator shall exercise the powers conferred upon him by this section after consultation with the community residing in the area in question in such manner as he may consider the most suitable.

50

(4) Any condition referred to in this section shall lapse as from the date on which a town planning scheme or a zoning scheme becomes applicable in respect of the area in question.”.

(3) Vanaf die registrasie van die stuk grond in die naam van bedoelde persoon, berus die eiendomsreg van die stuk grond uitsluitend by daardie persoon.

5 (4) Geen bepaling van artikel 15 of 17 van die Akteswet is van toepassing ten opsigte van die oordrag van eiendomsreg wat deur so 'n omskepping bewerkstellig word nie.

10 (5) Ondanks die bepalings van die Akteswet registreer die registrator van aktes die oordrag van eiendomsreg van 'n stuk grond in die omstandighede in subartikel (2) bedoel, deur die sertifikaat van eiendomsreg wat ingevolge daardie subartikel by die registrasiekantoor ingedien is, te onderteken.

15 (6) Wanneer die registrator van aktes die oordrag van eiendomsreg van 'n stuk grond ingevolge subartikel (5) geregistreer het—

(a) maak hy 'n aantekening van die oordrag van eiendomsreg in die toepaslike registers;

(b) liasseer hy die ondertekende sertifikaat van eiendomsreg in die registrasiekantoor op die wyse wat hy geskik ag; en

(c) stel hy 'n afskrif van die ondertekende sertifikaat van eiendomsreg beskikbaar aan die persoon wat dit kragtens subartikel (2) ingedien het, vir oorhandiging aan die persoon aan wie die stuk grond oorgedra is.

20 (7) Geen hereregte, seëlreg of ander geld is ten opsigte van 'n registrasie, endossement, aantekening of oordrag ingevolge hierdie artikel betaalbaar nie.

25 **Titelvoorraades, serwitute en ander regte**

**18G. Eiendomsreg wat uit hoofde van 'n omskepping ingevolge artikel 18F in 'n stuk grond gevestig word, is onderworpe aan 'n voorwaarde, serwitut of ander reg wat geregistreer is teen die titel van die grond waarop die betrokke gebied geleë is.**

30 **Uitwerking van Hoofstuk**

**18H. Eiendomstransaksies in 'n gebied wat kragtens artikel 18A(1) tot 'n landelike nedersetting verklaar is, word—**

35 (a) in die geval van die oordrag van 'n stuk grond in daardie gebied ten opsigte waarvan 'n grondbesitreg vermeld in Bylae 2 toegeken is, ooreenkomsdig artikel 18F afgehandel;

(b) in die geval van enige ander oordrag, ooreenkomsdig die Akteswet afgehandel.

**Grondgebruikvoorraades**

40 **18I. (1) Indien 'n gebied kragtens artikel 18A(1) tot 'n landelike nedersetting verklaar is, kan die Administrateur by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* voorwaardes ten opsigte van daardie gebied ople ter reëling van die gebruik van die stukke grond in die gebied.**

(2) Voorwaardes kragtens subartikel (1) opgelê—

45 (a) word nie teen die titel van die grond waarop die betrokke gebied geleë is of teen die titel van enige ander stuk grond in daardie gebied geregistreer nie;

(b) kan te eniger tyd deur die Administrateur by dergelyke kennisgewing gewysig of ingetrek word.

50 (3) Die Administrateur moet die bevoegdhede by hierdie artikel aan hom verleen, uitoefen na raadpleging met die gemeenskap wat in die betrokke gebied woon op die wyse wat hy die geskikste ag.

(4) 'n Voorwaarde in hierdie artikel bedoel, verval vanaf die datum waarop 'n dorpsaanleg- of dorpsbeplanningskema of 'n soneeringskema ten opsigte van die betrokke gebied van toepassing word.".

**Amendment of section 23 of Act 112 of 1991**

**33.** Section 23 of the Upgrading of Land Tenure Rights Act, 1991, is hereby amended by the substitution for paragraph (a) of the following paragraph:

- "(a) hinders or obstructs any person designated under section 18(1) or (2), 18D(1) or (2) or 20(3) in the performance of his functions under this Act;".

5

**Insertion of section 24A in Act 112 of 1991**

**34.** The following section is hereby inserted after section 24 of the Upgrading of Land Tenure Rights Act, 1991:

**"Assignment of functions by Minister"**

10

**24A. The Minister may—**

- (a) delegate to the Administrator any power conferred upon the Minister by this Act; or  
(b) authorize the Administrator to perform any duty assigned to the Minister by this Act.".

15

**Substitution of word "Minister" in Act 112 of 1991**

**35.** The Upgrading of Land Tenure Rights Act, 1991, is hereby amended by the substitution for the word "Minister", wherever it appears in sections 15(2), 16, 17 and 18, of the word "Administrator".

**Repeal of laws**

20

**36.** (1) The laws mentioned in the Schedule are hereby repealed to the extent indicated in the third column thereof.

(2) Notwithstanding the repeal of the South-West Africa Constitution Act, 1968 (Act No. 39 of 1968), any law which was made under section 38(1) of that Act and is in force in the Republic or in respect of the administration of Walvis Bay at the commencement of this Act shall continue in force until amended or repealed by an Act of Parliament.

25

**Short title and commencement**

**37.** (1) This Act shall be called the General Law Second Amendment Act, 1993, and shall come into operation on a date fixed by the State President by proclamation in the Gazette.

(2) Different dates may be fixed under subsection (1) in respect of different provisions of this Act.

30

### Wysiging van artikel 23 van Wet 112 van 1991

33. Artikel 23 van die Wet op die Opgradering van Grondbesitregte, 1991, word hierby gewysig deur paragraaf (a) deur die volgende paragraaf te vervang:

- 5                 “(a) 'n persoon kragtens artikel 18(1) of (2), 18D(1) of (2) of 20(3) aangewys by die uitoefening van sy **[bevoegdhede]** werksaamhede kragtens hierdie Wet hinder of belemmer;”.

### Invoeging van artikel 24A in Wet 112 van 1991

34. Die volgende artikel word hierby na artikel 24 van die Wet op die Opgradering van Grondbesitregte, 1991, ingevoeg:

10                 **“Opdrag van werksaamhede deur Minister**

**24A. Die Minister kan—**

- (a) aan die Administrateur 'n bevoegdheid by hierdie Wet aan die Minister verleen, deleger; of  
15                 (b) die Administrateur magtig om 'n plig by hierdie Wet aan die Minister opgedra, te verrig.”.

### Vervanging van woord “Minister” in Wet 112 van 1991

35. Die Wet op die Opgradering van Grondbesitregte, 1991, word hierby gewysig deur die woord “Minister”, oral waar dit in artikels 15(2), 16, 17 en 18 voorkom, deur die woord “Administrateur” te vervang.

20                 **Herroeping van wette**

36. (1) Die wette in die Bylae genoem, word hierby herroep in die mate in die derde kolom daarvan aangedui.

- 25                 (2) Ondanks die herroeping van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet No. 39 van 1968), bly 'n wet wat kragtens artikel 38(1) van daardie Wet gemaak is en by die inwerkingtreding van hierdie Wet in die Republiek of ten opsigte van die administrasie van Walvisbaai van krag is, van krag totdat dit deur 'n Wet van die Parlement gewysig of herroep word.

### Kort titel en inwerkingtreding

37. (1) Hierdie Wet heet die Tweede Algemene Regswysigingswet, 1993, en tree in werking op 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

- (2) Verskillende datums kan kragtens subartikel (1) ten opsigte van verskil-lende bepalinge van hierdie Wet bepaal word.

**Schedule****LAWS REPEALED (SECTION 36(1))**

No. and year of law	Short title	Extent of repeal
Act No. 49 of 1919	Treaty of Peace and South West Africa Mandate Act, 1919	The whole.
Act No. 19 of 1939	Police (South-West Africa) Act, 1939	The whole.
Act No. 28 of 1944	South-West Africa Affairs Amendment Act, 1944	The whole.
Act No. 44 of 1945	Black Reserves (South-West Africa) Act, 1945	The whole.
Act No. 23 of 1949	South-West Africa Affairs Amendment Act, 1949	So much as is unrepealed.
Act No. 56 of 1954	South-West Africa Native Affairs Administration Act, 1954	The whole.
Act No. 7 of 1958	Police Act, 1958	So much of section 36(1) as relates to the Police (South-West Africa) Act, 1939.
Act No. 46 of 1962	Black Laws Amendment Act, 1962	Section 14.
Act No. 93 of 1963	General Law Further Amendment Act, 1963	Section 23.
Act No. 102 of 1967	General Law Amendment Act, 1967	Section 22.
Act No. 39 of 1968	South-West Africa Constitution Act, 1968	The whole.
Act No. 54 of 1968	Development of Self-government for Native Nations in South-West Africa Act, 1968	The whole.
Act No. 25 of 1969	South-West Africa Affairs Act, 1969	The whole.
Act No. 84 of 1969	Rehoboth Investment and Development Corporation Act, 1969	The whole.
Act No. 13 of 1970	South-West Africa Constitution Amendment Act, 1970	The whole.
Act No. 17 of 1970	General Law Amendment Act, 1970	Section 7.
Act No. 27 of 1970	Second Black Laws Amendment Act, 1970	Section 11.
Act No. 80 of 1971	General Law Amendment Act, 1971	Sections 26 and 27.
Act No. 23 of 1972	Black Laws Amendment Act, 1972	Sections 4, 8 and 9.
Act No. 47 of 1972	Mines, Works and Minerals in South-West Africa Amendment Act, 1972	The whole.
Act No. 63 of 1972	Coloured Persons in South-West Africa Education Act, 1972	The whole.
Act No. 69 of 1972	Control of the Meat Trade in South-West Africa Amendment Act, 1972	The whole.
Act No. 79 of 1972	Namaland Consolidation and Administration Act, 1972	The whole.
Act No. 85 of 1972	Basters of Rehoboth Education Act, 1972	The whole.
Act No. 86 of 1972	Nama in South-West Africa Education Act, 1972	The whole.
Act No. 102 of 1972	General Law Amendment Act, 1972	Sections 29, 30 and 36.
Act No. 7 of 1973	Black Laws Amendment Act, 1973	Section 6.
Act No. 20 of 1973	Development of Self-government for Native Nations in South-West Africa Amendment Act, 1973	The whole.
Act No. 48 of 1973	Trade Marks in South West Africa Act, 1973	The whole.
Act No. 62 of 1973	General Law Amendment Act, 1973	Sections 34, 35, 48 and 49.
Act No. 70 of 1974	Black Laws Amendment Act, 1974	Section 17.
Act No. 71 of 1974	Second Black Laws Amendment Act, 1974	Sections 3, 4, 5 and 6.
Act No. 3 of 1975	South West Africa Diamond Industry Protection Amendment Act, 1975	The whole.
Act No. 9 of 1975	Black Laws Amendment Act, 1975	Sections 5 and 6.
Act No. 57 of 1975	General Law Amendment Act, 1975	Section 1.

**Bylae****WETTE HERROEP (ARTIKEL 36(1))**

No. en jaar van wet	Kort titel	Omvang van herroeping
Wet No. 49 van 1919	Vredesverdrag en Zuid West Afrika Mandaat Wet, 1919	Die geheel.
Wet No. 19 van 1939	Polisie (Suidwes-Afrika) Wet, 1939	Die geheel.
Wet No. 28 van 1944	Wysigingswet op Aangeleenthede van Suidwes-Afrika, 1944	Die geheel.
Wet No. 44 van 1945	Wet op Swart Reservate (Suidwes-Afrika), 1945	Die geheel.
Wet No. 23 van 1949	Wysigingswet op Aangeleenthede van Suidwes-Afrika, 1949	Soveel as wat nie herroep is nie.
Wet No. 56 van 1954	Wet op die Administrasie van Naturellesake in Suidwes-Afrika, 1954	Die geheel.
Wet No. 7 van 1958	Polisiewet, 1958	Soveel van artikel 36(1) as wat op die Polisie (Suidwes-Afrika) Wet, 1939, betrekking het.
Wet No. 46 van 1962	Wysigingswet op Swart Wetgewing, 1962	Artikel 14.
Wet No. 93 van 1963	Verdere Algemene Regswysigingswet, 1963	Artikel 23.
Wet No. 102 van 1967	Algemene Regswysigingswet, 1967	Artikel 22.
Wet No. 39 van 1968	Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968	Die geheel.
Wet No. 54 van 1968	Wet op die Ontwikkeling van Selfbestuur vir Naturelle volke in Suidwes-Afrika, 1968	Die geheel.
Wet No. 25 van 1969	Wet op Aangeleenthede met betrekking tot Suidwes-Afrika, 1969	Die geheel.
Wet No. 84 van 1969	Wet op die Rehoboth-beleggings- en -ontwikkelingskorporasie, 1969	Die geheel.
Wet No. 13 van 1970	Wysigingswet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1970	Die geheel.
Wet No. 17 van 1970	Algemene Regswysigingswet, 1970	Artikel 7.
Wet No. 27 van 1970	Tweede Wysigingswet op Swart Wetgewing, 1970	Artikel 11.
Wet No. 80 van 1971	Algemene Regswysigingswet, 1971	Artikels 26 en 27.
Wet No. 23 van 1972	Wysigingswet op Swart Wetgewing, 1972	Artikels 4, 8 en 9.
Wet No. 47 van 1972	Wysigingswet op Myne, Bedrywe en Minerale in Suidwes-Afrika, 1972	Die geheel.
Wet No. 63 van 1972	Wet op Onderwys vir Kleurlinge in Suidwes-Afrika, 1972	Die geheel.
Wet No. 69 van 1972	Wysigingswet op die Beheer van die Vleishandel in Suidwes-Afrika, 1972	Die geheel.
Wet No. 79 van 1972	Wet op die Konsolidasie en Administrasie van Namaland, 1972	Die geheel.
Wet No. 85 van 1972	Wet op Onderwys vir Basters van Rehoboth, 1972	Die geheel.
Wet No. 86 van 1972	Wet op Onderwys vir Namas in Suidwes-Afrika, 1972	Die geheel.
Wet No. 102 van 1972	Algemene Regswysigingswet, 1972	Artikels 29, 30 en 36.
Wet No. 7 van 1973	Wysigingswet op Swart Wetgewing, 1973	Artikel 6.
Wet No. 20 van 1973	Wysigingswet op die Ontwikkeling van Selfbestuur vir Naturelle volke in Suidwes-Afrika, 1973	Die geheel.
Wet No. 48 van 1973	Wet op Handelsmerke in Suidwes-Afrika, 1973	Die geheel.
Wet No. 62 van 1973	Algemene Regswysigingswet, 1973	Artikels 34, 35, 48 en 49.
Wet No. 70 van 1974	Wysigingswet op Swart Wetgewing, 1974	Artikel 17.
Wet No. 71 van 1974	Tweede Wysigingswet op Swart Wetgewing, 1974	Artikels 3, 4, 5 en 6.
Wet No. 3 van 1975	Wysigingswet op die Beskerming van die Diamantnywerheid in Suidwes-Afrika, 1975	Die geheel.
Wet No. 9 van 1975	Wysigingswet op Swart Wetgewing, 1975	Artikels 5 en 6.
Wet No. 57 van 1975	Algemene Regswysigingswet, 1975	Artikel 1.

Act No. 108, 1993

## GENERAL LAW SECOND AMENDMENT ACT, 1993

No. and year of law	Short title	Extent of repeal
Act No. 66 of 1975	Exchequer Act, 1975	So much of the Schedule as relates to the Development of Self-government for Native Nations in South-West Africa Act, 1968.
Act No. 4 of 1976	Black Laws Amendment Act, 1976	Sections 16 to 21.
Act No. 30 of 1976	Coloured Persons in South-West Africa Education Amendment Act, 1976	The whole.
Act No. 31 of 1976	Basters of Rehoboth Education Amendment Act, 1976	The whole.
Act No. 32 of 1976	Nama in South-West Africa Education Amendment Act, 1976	The whole.
Act No. 56 of 1976	Rehoboth Self-Government Act, 1976	The whole.
Act No. 33 of 1977	Population Registration and Identity Documents in South-West Africa Amendment Act, 1977	So much as is un-repealed.
Act No. 95 of 1977	South West Africa Constitution Amendment Act, 1977	The whole.
Proclamation No. R.249 of 1977	Amendment of (1) the South-West Africa Affairs Amendment Act, 1949, (2) the Republic of South Africa Constitution Act, 1961, and (3) the South-West Africa Constitution Act, 1968	So much as is un-repealed.
Proclamation No. R.264 of 1977	Amendment of the South-West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968)	The whole.
Act No. 9 of 1989	Legal Succession to the South African Transport Services Act, 1989	So much of Schedule 2 as relates to the South-West Africa Constitution Act, 1968.
Act No. 21 of 1991	Identification Amendment Act, 1991	Sections 2 and 4.
Act No. 50 of 1991	Minerals Act, 1991	So much of the Schedule as relates to the Mining Rights (South-West Africa) Act, 1932.
Act No. 114 of 1991	Population Registration Act Repeal Act, 1991	So much of Schedule 1 as relates to the Population Registration and Identity Documents in South-West Africa Amendment Act, 1977.

No. en jaar van wet	Kort titel	Omvang van herroeping
Wet No. 66 van 1975	Skatkiswet, 1975	Soveel van die Bylae as wat op die Wet op die Ontwikkeling van Selfbestuur vir Naturellevolke in Suidwes-Afrika, 1968, betrekking het.
Wet No. 4 van 1976	Wysigingswet op Swart Wetgewing, 1976	Artikels 16 tot 21.
Wet No. 30 van 1976	Wysigingswet op Onderwys vir Kleurlinge in Suidwes-Afrika, 1976	Die geheel.
Wet No. 31 van 1976	Wysigingswet op Onderwys vir Basters van Rehoboth, 1976	Die geheel.
Wet No. 32 van 1976	Wysigingswet op Onderwys vir Namas in Suidwes-Afrika, 1976	Die geheel.
Wet No. 56 van 1976	Wet op Selfregering vir Rehoboth, 1976	Die geheel.
Wet No. 33 van 1977	Wysigingswet op Bevolkingsregistrasie en Identiteitsdokumente in Suidwes-Afrika, 1977	Soveel as wat nie herroep is nie.
Wet No. 95 van 1977	Wysigingswet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1977	Die geheel.
Proklamasie No. R.249 van 1977	Wysiging van (1) die Wysigingswet op Aangeleenthede van Suidwes-Afrika, 1949, (2) die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961, en (3) die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968	Soveel as wat nie herroep is nie.
Proklamasie No. R.264 van 1977	Wysiging van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 39 van 1968)	Die geheel.
Wet No. 9 van 1989	Wet op die Regsopvolging van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste, 1989	Soveel van Bylae 2 as wat op die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968, betrekking het.
Wet No. 21 van 1991	Identifikasiewysigingswet, 1991	Artikels 2 en 4.
Wet No. 50 van 1991	Mineraalwet, 1991	Soveel van die Bylae as wat op die Mynregte (Suidwes-Afrika) Wet, 1932, betrekking het.
Wet No. 114 van 1991	Wet tot Herroeping van die Bevolkingsregistrasiewet, 1991	Soveel van Bylae I as wat op die Wysigingswet op Bevolkingsregistrasie en Identiteitsdokumente in Suidwes-Afrika, 1977, betrekking het.